
# Produksie van Midknight Valencia in die Nelspruit / Karino area



**JAMES WARRINGTON**
*laspalmas@absamail.co.za*

**Midknights word reeds vanaf 1973 suksesvol in die Laeveld verbou. Die redes hoekom midknights hier suksesvol verbou word kan aan baie faktore toegeskryf word. Een van die uitstaande faktore is klimaat. Hierdie area word beskou as 'n matig tot warm area, sekere jare mag dit baie warmer as die norm raak.**

**Midknights word beskou as ŉ ronde, stewige hoë kwaliteit vrug met goeie interne kwaliteit, (brix en sap persentasie), goeie kleur en vruggrootte en met baie goeie uitvoer persentasies.**

Deur die jare is heelwat ondervinding opgebou om die produksie probleme wat ondervind word met die kultivar so vêr as moontlik uit te skakel.

**Onderstam keuses** Growweskil suurlemoen gee baie goeie opbrengste en is uiters geskik op sand tot leem grond. Die brix is egter laer in sekere jare wanneer dit baie reën en die internekwaliteit haal dan nie die Midknight standaard nie.

Carizzo citrange vaar goed op sand tot klei grond met ŉ beter brix verhouding indien dit met growweskil suurlemoen vergelyk word. X639 vaar baie goed op leem tot klei grond.

Swingle citrange vaar goed op sand tot klei grond. Maar soos in die geval van growweskil suurlemoen onderstam sal die brix nie die Midknight standaard haal gedurende hoë reënval jare nie.

Boom groei op sanderige gronde is uiters swak waar C35 onderstam gebruik word. Verdwerging kom voor en op herplant gronde is die verdwerging baie meer ernstig. Die produksie per boom is egter goed. Boomgroei is beter op klei grond maar die verdwergende effek kom steeds voor.

MXT onderstamme produseer baie swak oeste selfs op ouer bome. Boomgroei is wel baie goed maar selfs ringelering en pro-gibb bespuitings verhoog nie oes opbrengste nie. Hierdie onderstam kombinasie moet eerder vermy word.

**Boom spasieëring** Die aanbevole aanplantings spasieëring is 6 m x 3 m. Heelwat probleme is ondervind indien bome nader aan mekaar geplant sou word veral tov die skadu effek van naburige bome wat gevolglike laer oeste tot gevolg het. Nouer spasieëring het ook ŉ nadelige effek op doeltreffende plaag- en siektebeheer bespuitings.

**Snoei praktyke** Midknight bome dra hoofsaaklik vrugte aan die binnekant van die boom daarom is dit krities om genoeg lig penetrasie in die boom te skep om hierdie gedrags patroon te bevoordeel.

Swak gesnoeide bome waar nie voldoende lig penetrasie voorkom nie dra dit by tot swak drag binne die boom en laer opbrengste.

Midknight bome moet elke jaar gesnoei word. Sny vensters in sodat sonlig selfs tot teen die hoofstam kan deurdring. Indien daar elke jaar gesnoei word is dit net nodig om een of twee takke uit te haal. Drastiese snoei sal wel die boom in ŉ vegetatiewe groeifase stimuleer en dit sal ten koste wees van drag. Deur korrek te snoei word daar gepoog om die ideale dra area per hektaar te skep en daardeur ŉ egale vrugset te verkry. Hergroei en droë hout moet deur die jaar verwyder word en somersnoei word dus as standaard toegepas.

**Oesperiode** Aangesien Midknights ŉ middelseisoen variëteit is en feitlik saadloos is moet die oes in Nelspruit area voltooi word voor die einde Augustus. Wanneer later ge-oes word sal die volgende oes nadelig be-invloed word. Indien daar om een of ander rede later ge-oes word kan nitraat toedienings vier weke voor oes toegedien word om sodoende te voorkom dat die reserwes van die boom te laag daal.

**Klimaat** Baie hoë temperature gedurende en net na blom is nadelig vir vrugset. Temperature in die Nelspruit area kan soms vir daar opeenvolgende dae hoër as 40°C wees wat die oes dan nadelig be-invloed.Baie warm droë weer gedurende Desember / Januarie veroorsaak vrug "split". Midknights is ook meer gevoelig vir vrug "split"



*Jong draende Midknight boord in die Karino area.*

vergeleke met ander lemoen variëteite. Die krakies kom hoofsaaklik voor aan die bloment en aan die sykant van die vrug.

## Pro-gibb bespuitings

ŉ Standaard Pro-gibb @ 7,5 dpm word tydens 70-90% blomblaarval gespuit. Indien baie hoë temperature voorkom tydens blom kan die konsentrasie verhoog word na 10 dpm. Meer blaarval kom voor na die bespuitings wanneer daar tydens koeler tye of selfs saans gespuit word. Die blaarval probleem is egter weg laat baar.

**Oes opbrengste** Opbrengste word nadelig be-invloed indien baie hoë temperature, > 40°C tydens blom ervaar word of indien laat geoes word, einde Augustus of wanner lae N- waardes tydens blom beskikbaar is en selfs wanneer verkeerd of glad nie gesnoei word nie.

Opbrengste word positief be-invloed deur matige temperature tydens blom, goeie snoei praktyke en voldoende N- vlakke (energie) direk voor blom. Om die maksimum energie tydens blom beskikbaar te hê moet bemesting reeds 4 tot 6 weke voor blom toegedien word. Indien die energie eers na blom beskikbaar is word swakker oeste geset.

Opbrengste vir groeiende bome, ongeveer vier tot agt jaar oud, is gemiddeld 20 - 50 ton/Ha. Oesopbrengste vir volwasse bome wissel tussen 50 - 80 ton/ha. Oesopbrengste kan wissel indien uitskieter jare soms voorkom waar die opbrengste kan daal tot so min as 40 ton en styg tot so hoog as > 100 ton/ha.

**Bemesting** Blaarbespuitings van koper, boor en sink word een keer per jaar gedoen op die eerste ontwikkelde groei, nuwe flush, na die winter op draende bome. Hierdie bespuiting is uiters effektief.

Jong Midknight bome wat in ŉ vorm van strestoestand verkeer toon vergomming van takkies en soms selfs op die hoofstam, beter bekend as die "Midknight sindroom". In ernstige gevalle kan die boom selfs doodgaan. Selfs net matige stress kan bydra tot hierdie simptome. Vier koper bespuitings het bygedra tot die vermindering van die probleem. Jong nie draende boompies word vyf blaarbespuitings per seisoen, vir die eerste twee jaar, aanbeveel wat ŉ mengsel van koper, sink, boor en lae biuret ureum insluit.

Lae biuret ureum (1000g/ 100 liter water) word aanbeveel 4 tot 6 weke voor blom vir vrugset. Hierdie bespuiting kan gedoen word al is daar nog vrugte aan die bome al vereiste is dat die vrugte reeds opgekleur moet wees.

**Blaar-en grond bemestings norme** Die volgende blaarnormes word suksesvol deur Karino produsente gebruik: N (2,50 – 2,80%); P (0,13%); K (1%); Mg (0,3%) en Ca (200 dpm).

Die grondnormes is soos vir alle lemoen variëteite. Verhoogde kalsium vlakke, koolstof of fulwiensuur produkte het tot dusvêr geen verbetering tot oeste bygedra nie.

Die tydsberekening vir die toediening van die nitraat is baie belangrik. In die Karino area word al die KAN toedienings ses tot agt weke voor blom (sand grond) gedoen sodat die maksimum energie vir die boom beskikbaar is tydens blom. Verdeelde toedienings van die nitraat bereik nie hierdie doel nie en word dus nie aanbeveel nie.

Fosfaat in die vorm van MKP @ 3% oplossing word van tyd tot tyd gespuit vier tot ses weke na blom om growweskil tekstuur te voorkom. Indien daar van tyd tot tyd ŉ ligte blom en gevolglike ligte oes voorkom is die vrugte groot met growwer skille. Die MKP bespuiting is dan baie suksesvol.